# DIE KOÖRDINERING VAN HISTORIESE ARBEID IN SUID-AFRIKA*

## I. *Inleiding*

Met die koördinering van historiese arbeid in die Republiek van Suid-Afrika word onder geen omstandighede vir die regimentering van die historiese aktiwiteite gepleit nie. Dit sou vir die geskiedwetenskap, soos trouens vir enige wetenskap, 'n onheilige situasie skep en is alleen denkbaar in 'n totalitêre staat. Dit sou meebring 'n dodende uniformiteit, 'n gesteriotipeerde siening en die eliminasie van onderlinge mededinging. Eerder wil ek dus onder die begrip koördinering van historiese arbeid verstaan vrywillige, ongebonde medewerking van historici en ander belanghebbende instansies ter algemene bevordering van die geskiedwetenskap en ter verwesenliking van gemeenskaplike ideale, ondernemings en, mag ek sê, verpligtinge.

So 'n medewerking bestaan m.i. nie. Inteendeel op altwee die terreine waarop die Suid-Afrikaanse historici funksioneer, nl. die geskiedskrywing en die geskiedenisonderrig, het 'n mens daaraan gewoond geword dat die universiteite en historici naywerig, wedywerend, hiper-krities, soms vitterig en byna verkleinerend staan. Hierdie toedrag van sake kan aan verskillende faktore — waarvan ek alleen enkele noem — toegeskryf word. Waarskynlik die belangrikste faktor was die stryd van elke universiteit om sy bestaan teenoor die Staat en die gemeenskap te regverdig waardeur hy genoegsame studente en fondse sou kon trek. Met die doel moes hy kon *vergelyk* en *opweeg* met ander universiteite. Tweedens, die ou verdeling in Engelse en Afrikaanse universiteite het die natuurlike, maar tog uiters onwetenskaplike situasie laat ontstaan dat die Engelse departemente van geskiedenis meer ingesteld was op die Britse vertolking van die geskiedenis en die Afrikaanse departemente op Afrikaanse vertolking. Hierin het dan dikwels die gevaar gelê dat die geskiedskrywing die pleitbesorger vir die een of ander groep en die veroordelaar van die teenoorgestelde groep geword het. Dit het onbewustelik barriërs tussen historici opgeslaan.

Die vraag ontstaan natuurlik al dadelik of hierdie inisiële faktore, wat die gebrek aan samewerking tot gevolg gehad het, nou reeds geëlimineer is en die koördinering van historiese arbeid dus prakties is? Dit sou onrealisties van my wees om allerweë positief te antwoord, maar ek wil my verstout om allereers te sê dat daar by beide Afrikaanse en Engelse geskiedskrywers tot groter balans gekom is en wel omdat die toepassing van die verhewe norme van wetenskaplike geskiedskrywing en wetenskaplike geskiedenis-onderrig gedurende die afgelope twee dekades fenominale vordering gemaak het. Daardeur is die geskiedskrywing en -onderrig gedeeltelik uit die emosionele rasse-arena tot die meer neutrale akademiese en wetenskaplike terrein verskuif. Daardeur het ons tot 'n meer rasionele

* Toespraak gelewer ten tye van die eerste Konferensie van S.A. Historici te Bloemfontein op 5 Februarie 1965.

benadering van ons probleem van die noodsaaklikheid van die koördinering van ons historiese aktiwiteite en onderlinge samewerking gekom. Daardeur het ons bewus geword dat daar belangriker oorweginge vir koördinering en ko-operasie is as vir verdeeldheid.

II. *Oorweginge ten gunste van koördinering en samewerking*

Laat my toe om enkele belangrike oorweginge ten gunste van die koördinering van ons historiese arbeid, onderlinge samewerking en onderlinge begrip aan te voer.

Allereers, die basis waarop beide ons geskiedskrywing en -onderrig gefundeer is, is die Westerse denke. In hierdie denke is daar op die oomblik 'n krisis. Vir hierdie krisis is baie faktore verantwoordelik, maar waarskynlik een van die belangrikste redes is die impak wat die Oosterse en Afrika-gedagtes sedert die Eerste Wêreldoorlog op die Westerse denke gehad het. As gevolg daarvan word, volgens Crane Brinton in sy *Shaping of the Modern Mind*, die Christelike denke geleidelik deur 'n kosmologiese denke vervang, en word die Christelike geloof deur surrogale of „impersonal faiths", soos nasionalisme, demokrasie, sosialisme, kommunisme vervang. As gevolg hiervan, sê ek, het daar in die Westerse denke 'n krisis gekom, en hoewel die keuse van die filosofiese grondslag vir die geskiedskrywing en -onderrig die uitsluitlike prerogatief van die historikus is en daar noodwendig verskil van mening moet wees, is ek tog van oordeel dat onderlinge beredeneringe tussen Suid-Afrikaanse historici vrugbaar mag wees. Deur die uitspreek van verskille, kom 'n mens dikwels tot duidelikheid en in 'n tydsgewrig soos die huidige, is dit vir die historikus van kardinale belang.

Tweedens, beide wat betref ons geskiedskrywing sowel as ons geskiedenisonderrig staan ons voor belangrike probleme.

Betreffende ons geskiedskrywing het ek in my inleiding gesê dat ons geskiedskrywers t.o.v. die rol van Engels en Afrikaans in ons geskiedenis in 'n mate tot ewewigtigheid gekom het. Nou juis tree egter 'n derde element na vore. Tereg kan beweer word dat die rol van die Bantoe en trouens van alle nie-blankes in ons geskiedskrywing óf afgeskeep óf in 'n ongunstige lig gestel word. Met ons vermeerderde volkekundige en argeologiese kennis is dit belangrik dat bepaalde aspekte van ons geskiedenis waarin die Bantoe prominent figureer, hersien word. Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika, Afrika, Engeland en Amerika is egter so hoogsemosioneel belaai dat die gevaar bestaan dat die skuldkompleks hom ook van ons historici meester kan maak en werke soos die van Donald L. Wiedner *A History of Africa South of the Sahara* die lig kan laat sien. Dit sou nie alleen vir die Geskiedenis as wetenskap 'n ramp wees nie, maar sal ook die so delikate rasseverhouding ernstig ten kwade benadeel en sal beteken dat ons ondervinding in die hantering van die geskiedenis van die verhouding tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende vir ons geen les ingehou het nie.

Om hierdie bepaalde rede, om die doelbewuste verhoging van ons wetenskaplike geskiedskrywing en om die skepping van 'n geskiedenisliteratuur eie aan Suid-Afrika, is dit m.i. noodsaaklik dat onderlinge

samesprekinge oor hierdie probleme van tyd tot tyd deur Suid-Afrikaanse historici gehou word.

Wetenskaplike geskiedskrywing veronderstel verder die gebruikmaking van 'n algemeen internasionaal aanvaarde tegniek. Dit is 'n gemeenplaas en tog ondervind ons in die publikasie van verhandelinge en proefskrifte in die *Argiefjaarboek* jaar na jaar die probleem van onbeholpe tegniese afwerking. Trouens sommige verhandelinge openbaar 'n totale onkunde aan die bestaan van vaste reëls i.v.m. verwysinge, e.s.m. Daarbenewens moet vermeld word dat sommige Afrikaanse universiteite van 'n eie Afrikaanse terminologie gebruik maak, terwyl die meerderheid van die universiteite hulle by die ou Latynse terme hou. Omdat daar op elke reël 'n alternatiewe reël is, is dit vanselfsprekend dat daar oor die gebruik van die historiese tegniek geen volkome eenstemmigheid bereik sal word nie. Nogtans kan deur samesprekinge tot 'n verstandhouding gekom word waardeur groter uniformiteit bereik kan word. Dr. M. C. E. van Schoor, van die Departement van Geskiedenis aan die U.O.V.S., is tans besig met die samestelling van 'n uitvoerige leidraad wat ons hoop die grondslag sal vorm tot koördinasie van ons historiese tegniek.

Soos reeds gesê, staan ons nie alleen t.o.v. ons geskiedskrywing voor ernstige probleme nie, maar ook t.o.v. ons geskiedenis-onderrig. Die tegnologiese, industriële en ekonomiese vooruitgang gaan met 'n verbysterende en skouspelagtige ontwikkeling van die sogenaamde suiwer wetenskappe gepaard. Hulle eis vir hulle prioriteit in die onderwys en die finansiëring daarvan op. Die geesteswetenskappe en veral geskiedenis, word bedreig met ondergeploeg te word, omdat dit geen duidelike utiliteitswaarde het nie en omdat die vormende krag vir die persoon en die volk misken word. Hoewel geen selfrespekterende historikus en nog minder hierdie vergadering hom ooit sal verneder om propaganda vir sy vak te maak, is dit m.i. nogtans essensieel dat ons 'n slag 'n opname maak van ons onderrigmetodes en die opleiding van historici in Suid-Afrika. Hierin, meen ek, kan ons 'n radikale bydrae lewer en kan groter koördinasie verkry word. Die optrede van die Amerikaanse historici in hierdie verband kan ook vir ons as voorbeeld dien. Hulle gaan van die standpunt uit dat die goeie geskiedskrywer ook 'n goeie dosent moet wees. „Good college teaching is possible only when the teacher is well trained in the methods of research . . . Without the spirit of scholarship, teaching degenerates into routine. It becomes dead and lifeless or superficial, and even meretricious", en verder: „classroom teaching means scholarship in action". Daarom word daar in die V.S.A. op die terrein van die onderrig voortdurend oorleg gepleeg, samesprekinge gevoer en ge-eksperimenteer. Tweedens, Amerikaanse historici weifel nie om 'n opname te maak van die behoeftes aan historici en die aard van hulle opleiding nie. In 1957 het die *American Historical Association* aan sy *Committee on Graduate Education* opdrag gegee om ondersoek na die opleiding van historici in die V.S.A. in te stel. Hierdie ondersoek is met die ondersteuning van die Carnegie Ko-operasie gedoen en die gevolg was die werk: *The Education of Historians in the U.S.A.* Ten slotte, aarsel hierdie historici nie om hulle oor die aard van die opleiding van geskiedenis-

onderwysers uit te spreek nie. Aan die Universiteit van Yale en Harvard is die kennis van dié vak primêr en nie die opleiding in metodiek nie. Laasgenoemde word geleer uit die ondervinding en deur die onderlinge uitruil van gedagtes.

As slotargument ten gunste van die koördinering van historiese arbeid in Suid-Afrika, wil ek aanvoer dat geen wetenskap in afsondering kan gedy nie. Die groei van alle wetenskappe is die resultaat van die bewustelike of onbewustelike samewerking tussen wetenskaplikes. Dit is veral waar van die geskiedenis omdat dit 'n gemeenskapsvak is. „It embraces the whole story of man", en, so skryf Carl Becker, „The value of history is, indeed, not scientific but moral; by liberalizing the mind, by deepening the sympathies, by fortifying the will, it enables us to control, not society, but ourselves; it prepares us to live more humanely in the present and to meet rather than to foretell, the future". Om hierdie rede moet die historikus nie alleen in die volle lewe nie, maar in die midde van sy vakgenote staan. Alleen daardeur kan 'n kruisbestuiwing van die denke plaasvind wat noodwendig as stimulant moet dien en wat tot groter vrugbaarheid sal lei.

III. *Terreine vir koördinasie en samewerking*

Die vraag ontstaan al dadelik op watter terreine kan daar koördinasie en samewerking wees? Ek wil dus nou meer prakties in my betoog word, maar nie minder idealisties nie.

Dis historiese arbeid lê in hoofsaak op die universitêre en nasionale vlakke.

Op die *universitêre vlak* is dit begryplik en vanselfsprekend dat elke departement op sy outonomie jaloers is. Nogtans is daar terreine waarop samewerking en koördinasie moontlik is sonder dat hierdie outonomie aangetas word. Ten eerste hoewel die oorvleueling van navorsingswerk deur nagraadse studente aan die verskillende universiteite nie ongeoorloof is nie, moet dit tog as onwenslik beskou word. 'n Geruime tyd reeds word probeer om hierdie oorvleueling te vermy deur universiteite op hoogte te hou van navorsingsprojekte deur die register van humaniora, deur die kennisgewing van die een universiteit aan die ander t.o.v. geregistreerde titels van verhandelings en proefskrifte, deur die opgawes deur die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing en deur die uiters waarvolle register van die Universiteit van Potchefstroom. Nogtans is hierdie metodes nie waterdig nie, en behoort daar 'n stelsel ontwerp te word waardeur die departemente van geskiedenis onderling doeltreffender en direk met mekaar kan skakel. Nog meer: Daar word deur ons departemente al hoe groter moeilikheid ondervind om geskikte temas vir nagraadse navorsing te vind. Daar behoort dus 'n noukeurige opname van die lakunes in ons Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gemaak te word, sodat ook hier onnodige oorvleueling en stoftrappery van bepaalde terreine vermy kan word.

Tweedens, een van die belangrikste take van die dosent is om op hoogte van sy vakliteratuur te bly. Met die ontsettende toename in hierdie literatuur

het dit onmoontlik geword om enigsins by te hou. Primêr vir die Suid-Afrikaanse historikus, is egter kennis van die literatuur oor die vaderlandse geskiedenis. Ook hier is die produksie reeds so uitgebreid en lê dit so wyd verspreid dat dit noodsaaklik word om weë en middele te bedink waardeur die historikus in die beperkte tyd tot sy beskikking met minder inspanning die nuwe literatuur kan behuis. Weer eens is daar die lyste van tydskrif-artikels, *Afrikana Nova*, boekbesprekings in die talle tydskrifte en koerante wat as inligtingsbronne kan dien, maar m.i. is die jag op hierdie informasie veels te tydrowend. 'n Jaarlikse uitgawe van 'n gids van boeke, brosjures en artikels van historiese inhoud met uittreksels daarvan sou daarenteen van buitengewone waarde wees. So 'n taak behoort deur die samewerking van die verskillende departemente moontlik te wees en die versameling en uittreksels kan deur nagraadse studente onder toesig van dosente gedoen word.

Derdens, die ondervinding in die V.S.A. sowel as in Brittanje en hier te lande het geleer dat een van die dinge wat die mees bevrugtende inwerking op die geskiedskrywing en geskiedenis-onderrig het, die besoek van uitstaande historici en die uitruil van buitelandse sowel as vaderlandse historici is. Hierdie aangeleentheid het eintlik drie aspekte. Allereers die besoeke van buitelandse hostirici aan ons land en ons eie historici aan die buiteland. Ten opsigte van eergenoemde het die S.A. historici eintlik tot dusver nog geen seggingskap gehad nie, met die gevolg dat die besoeke van hierdie mense dikwels kort voor hulle aankoms, bekendgemaak is, dat sulke besoeke ongeleë was en dus nie die betekenis vir dosente en studente gehad het, wat dit behoort te hê nie. Betreffende die besoeke van ons dosente aan die buiteland, bly die resultate van hulle reise die uitsluitlike besit van hulle eie universiteite en kom dit nie tot die algemene voordeel van die Suid-Afrikaanse geskiedwetenskap nie. In beide gevalle kan deur koördinasie en ko-operasie in hierdie opsig verbeteringe aangebring word. Tweedens, in die V.S.A. het die stelsel van „visiting professors" algemene gebruik geword en dien as 'n buitengewone verlewendiging tot die geskiedskrywing en die onderrig. Derdens die uitruil van dosente het eweneens geblyk van die allergrootste waarde te wees. Om verskillende redes, o.a. taalprobleme, verskille in die verdeling van die akademiese jaar, en so meer, vind sodanige uitruiling in S.A. alleen sporadies plaas. Weer eens is ek oortuig dat deur onderlinge samewerking ons tot 'n reëling sal kan kom wat ook aan ons die voorregte van so 'n uitruilstelsel sal verleen.

In verband met die historiese arbeid in universitêre verband, wil ek alleen nog die volgende vermeld: Ons kan deur noukeurige beplanning die vergaderings van buitelandse historiese genootskappe en selfs van die *International Committee of Historical Sciences* bywoon; ons kan gemeenskaplike projekte aanpak en ons kan ons daadwerklike medewerking aan so 'n groot onderneming soos die *Biografiese Woordeboek* verleen, 'n verpligting wat trouens op ons as historici lê.

Afgesien van die koördinasie van historiese arbeid in universitêre verband, is ek van mening dat daar in die offisiële of staatsaktiwiteite op

die historiese terrein ook groter koördinasie gebring kan word. Hieroor wil ek nie veel sê nie omdat die doeltreffendste wyse waarop hierdie koördinasie kan plaasvind deur 'n noukeurige ondersoek en beplanning vorafgegaan moet word.

Op die oomblik is daar die volgende historiese en aanverwante arbeid onder toesig van die staat aan die gang: die beskrywing van die Tweede Vryheidsoorlog deur Staatshistorici; die werk aan die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*; die werk van die *Buro vir Heraldiek*; die werk van die *Historiese Monumentekommissie*, en bepaalde instansies beywer hulle vir die instelling van 'n *Buro vir Genealogie*, 'n *Buro vir Naamkunde* en die daarstelling van 'n *Prentekabinet*. By nadere ondersoek blyk dat hierdie werksaamhede sekere gemeenskaplike elemente het wat egter as gevolg van die waterdigte afbakening van elke taak en die aparte huisvesting dus duplikasie meebring.

IV. *Weë tot koördinasie*

Die bereiking van die ideaal van groter koördinasie in ons historiese arbeid ter bevordering van die geskiedwetenskap, is egter geen eenvoudige taak nie. Ten grondslag van so 'n koördinasie lê persoonlike verhoudinge en gesindhede. Indien individuele historici weier om van hulle pedestale af te klim, weier om hulle samewerking te gee, en indien onderlinge agterdog gekoester word, sal enige poging tot koördinasie van ons arbeid, hoe lofwaardig ook al, moet skipbreuk ly. Ek wil my egter verstout om te beweer dat in die afgelope twee dekades die persoonlike verhoudinge tussen historici grootliks verbeter het. Hierdie verandering moet toegeskryf word, allereers, aan die talle staatskommissies waarop historici die geleentheid kry om saam te sit, samesprekings te hou en vriendskaplike verhoudinge aan te knoop. Insonderheid dink ek aan die *Argiefkommissie* en veral sy onderkomitee die *Redaksiekomitee van die Argiefjaarboek*. In hierdie Komitee heers daar in die beoordeling van verhandelinge en proefskrifte vanuit die verskillende departemente van geskiedenis 'n openhartigheid, onpartydigheid en wetenskaplike benadering wat vir enige grotere vergadering van historici as aanskouingsles sal kan dien en wat 'n onderlinge gees van vertroue en welwillendheid skep. 'n Verdere faktor wat sekerlik meewerk tot 'n beter verstandhouding tussen historici, is die tradisie van die S.A. universiteite om vir die eksaminering van nagraadse werk van mede-eksaminatore buite die betrokke universiteit gebruik te maak.

Dit is waarskynlik as gevolg van hierdie omstandighede wat daar 'n dringende behoefte by historici ontstaan het om in so 'n vereniging soos hierdie een byeen te kom. M.i. is so 'n vereniging die primêre instrument tot die bereiking van ons ideaal na groter koördinasie van historiese arbeid ter bevordering van ons wetenskap. Van hier moet die inisiatief en die aksie uitgaan. Hoewel die vereniging alleen tweejaarliks byeenkom, moet sy werksaamhede deur komitees voortgesit word. Die *American Historical Association* het sestien onder-komitees waaronder selfs 'n *Committee on*

*Committees.* Die vereniging behoort ook vir hom 'n Kapitaalfonds op te bou wat hy tot bevordering van die geskiedeniswetenskap kan gebruik.

Graag sluit ek af met die woorde van die sekretaris van die *American Historical Association:*

„This is an age of change, of transition in the world and in historical study which is part of this world. Where are we going? Can we use our historical knowledge to help our fellow citizens and ourselves? It is for us . . . to built and furnish the structure in which the historians of the next ten or twenty years may freely roam, teach their students, produce their studies. This is a time of transition, but if in large measure it is an age of destruction, it is also an age for construction. In this construction, though some ideals are waning, those of scholarship must stand firm. In this period of easy negation, let us be the ones to affirm those rights to critical enquiry and study bequeathed us by historians and philosophers from the (past) . . . "

Prof. J. J. Oberholster.